Ges. 11 : 1
Ges. 127 : 2
Ges. 130 : 5

'n Onwillige Kruisdraer.

(Mark. 15 : 21 - 41)

Wt. 6 apr. 1941.

Lyt. + Olifn. kut 47

Mk. 15 : 21 – En hulle het 'n sekere Simon van Cirene wat van die veld af gekom het, die vader v. Alex. & Rufus, gedwing om sy kruis te dra.

Daar is min dele v.d. N.T. wat so vol van inhoud is as hd. rapport v.d. kruisiging van Jesus. En juis dan is die gevaar so groot dat ons die pragtige dinge daarin nie raaksien nie. Daarom is dit so nodig, as ons die betekenis v.d. gebeurde op Golg. wil begryp, dat ons elke sin, elke woord sal lees, oordenk en bespreek. Altyd moet ons onthou: die mense wat hd. verhaal geskryf het, skryf niks verniet nie: elke wd. is gelaai met 'n diepte van inh^d wat ons nie kan raaksien as ons somar so gewoonweg lees nie.

Nie alleen is dit waar v.d. hele ~~Bybel~~ N.T. nie, mr. veral geld dit die lydensgesk. v. J.C. Ons is so gewoond om die gesk. te hoor van kleinsaf: S.S.-katkisasie, elke jaar i.d. lydenstyd dat ons groot gevaar loop om die diepere sin daarvan uit te laat verlore gaan!! Dan altyd oppas dat d. gewoonte om elke jaar te luister nie meebring dat die {bygaande wend / verlore gaan} onder i.d. betekenis v.d. kruis vir ons { groot aantal preke deur.

So wil ons stilstaan v/a by hd. eerste sinnetjie i.d. rapport oor die kruisiging: in Mk 15 : 21 "En hulle het 'n sekere Simon van Cirene wat v.d. veld af gekom het, die vader v. Alex. & Rufus gedwing om sy kruis te dra." Op d. oog af lyk dit 'n onbenullige klein besonderheid, sonder enige betekenis, hier ingevoeg deur die skrywer. Mr. wie die hd. leer ken het, sal gou genoeg besef: niks daarin is onbenullig of betekenisloos. So ook teks uit

Ons sien hier veral 3 groot gedagtes wat ons wil beklemtoon:

I Die Skynbare Toevalligheid v.d. Ontmoeting

II Die Sterk Onwilligheid v.d. Vreemdeling om die Kruis te dra. = {Xtus die gewillige / Simon die onwillige Kruisdraer

III Die Onwillige Kruisdraer word 'n Dankbare Beeldraer.

I Die Skynbare Toevalligheid v.d. Ontmoeting:

As ons die rapport lees kan ons nie anders as onder die indruk kom v.d. ~~skynbare~~ rol wat die toeval skynbaar hier gespeel het nie. Mk. maak dan ook in dié sin daarvan melding dat hd. Simon iemand was wat as vreemdeling hom by die skare gevoeg het. Hd. Simon was v. Cirene in N-Afrika. Kolonie v. Jode; waar daar gevestig: 'n volksnedersetting. Woon hy in Jerus.: was meer 'n [illegible] – miskien op besoek by familie, miskien op besighd. Mk. verklaar egter baie duidelik dat ~~hy~~ sy ontmoeting m. hd. stoet 'n heeltemal toevallige was. Steun die spesiale melding dat hy v.d. veld af gekom het. Hy het heelwaarsk. niks geweet v. al die ontwikkelinge nie, in elk geval niks v.d. Kruisiging nie.

Mr. iemand wat in dd. omgewing was dié dag, of in dd. rigting verby gekom het, moes blind en doof gewees het as hy nie dd. skare op pad na Golg. gesien & gehoor het nie! Want niemand kon dd. stoet, optog sien verbygaan of hy moes daar aandag aan geskenk het. Natuurlik! dit was nie elke dag se gebeurtenis dat 3 mense son gekruisig word nie! En veral nie as 2 v. hulle berugte misdadigers was en die ander een 'n Man was wat soveel opspraak verwek het nie!



So moes Simon dd. skare sien aankom op pad na Golgotha: die 3 Kruisdraers, die spottende soldate die met leedvermaak besielde Fariseërs, die nuuskierige skare, op sensasie belus, – die wenende groepie vroue!

En daar moes iets gewees het in die hele gees & atmosfeer v. dd. optog wat Simon onweerstaanbaar aangetrek het want as hy nie deur dié skare heengedring & sy pad gedruk het nie (miskien uit nuuskierigheid om te sien watter klas mense die misdadigers was) sou die Rom. hoofman hom ook nie raakgesien het nie! Miskien het hy ook net ~~daar~~ op dié oomblik daar gekom toe Xtus se ligg. kragte begin ingee het en die skare moes stilstaan!

Mr. hoe dit ookal mag wees, het Simon nie kon dink toe hy dd. optog sien kom, dat hd. toevallige ontmoeting sy hele verdere lewe sou verander nie!

// Dit alles openbaar vir ons mr. net die menslikhd, die natuurlikhd v. hd. rapport:— hoe baie van ons het dit nie al oor & oor ondervind in eie lewes hoedat 'n skynbaar toevallige ontmoeting met iemand ons hele lewe verander nie! As ons stil oor ons eie lewes wil nadink, hoe baie moet ook in herinnering roep 'n klein, skynbaar toevallige gebeurtenissie wat ons hele lewensloop verander het nie! Besef ons genoegsaam dat dit nie sinlose toeval was nie, mr. dat daaragter sit 'n Hand wat stuur met 'n doel! // Dit sou Simon ondervind! //

II Xtus die gewillige & Simon die Onwillige Kruisdraer:

Johannes, in sy rapport v.d. Kruisiging, beklemtoon baie sterk dat Jesus self sy Kruis gedra het op pad na Golg. Ons weet dat dit 'n vanselfspr. feit was dat elke misdadiger sy eie Kruis moes dra. Joh. vermeld dit egter met nadruk asof hy wou sê dat Xtus doelbewus, met 'n spesiale bedoeling sy Kruis self gedra het. – Dat hy dus nie wou hê dat iemand anders dit moes dra nie – allermins 'n onwillige, teensinnige vreemdeling! Dis asof Joh. wil beklemtoon dat Jesus tot die bitter einde sy las alleen wou dra!

Dis in ooreenst. met Xtus se hele lewe: –
– nooit ander met sy laste belaai, nooit ander deur Hom laat swaarkry – altyd ander se laste ook nog bygeneem. Wou nie om selfs. redes sy las minder maak nie: bewys daarvan die weiering om d. verdowingsmiddel a.d. kruis te neem.

Adak. is dit so verstaanbaar dat hoe gewillig Jesus ook al was, sy kragte na al die ontbering v.d. afgelope dae nie meer toereikend sou wees nie. Ons hoef nr. net te dink aan:
– ontsettende stryd in Geths.
– die bitterheid v.d. verraad v. sy gekose dis.: Judas
– die andr. spanning v.d. verhoor voor Pil. & ~~Herodes~~ Kajafas
– die gebrek aan slaap & rus d. vorige nag
– die onsettlike lig. pyn v.d. geseling
– bo al: die smart in sy hart oor al die gebeure – die swaarste v. alle laste!

En ~~om~~ alles te kroon kom nou die byna ondraaglike gewig v.d. kruis. En ten spyte v. dit alles dra Xtus sy kruis gewillig & tevrede ~~vir~~ die lang ent pad v.d. raadsaal alleen ~~tot~~ dat dit lyk ~~hy~~ asof hy nie meer kan volhou nie! Jesus die gewillige!



IV: Waarom ander vandaan Jesus nie gehelp? Waarom nie een v.d. Rom. saldate nie?

(a) Romein: Geen Romein, ook nie Rom. soldaat, sou ooit droom om die slawehout te dra nie – vernedering in oë makkers!

(b) Jood: Waarom nie Jood nie? Die hoofman het goed geweet d. die dra v. 'n kruis vir die Jood 'n besoedeling, 'n besmetting, 'n verontreiniging was – daarom dat hy nie gewaag het om die eer v.d. Jood te durf krenk voor die oë v.d. volk met so 'n bevel.

(c) Vreemdeling: Daarom dat toe die oog v.d. ~~saldaat~~ hoofman of d. saldate op Simon val hy dadelik aangekeer word. Daar moes iets aan sy Kleredrag of houding gewees het wat hom as vreemdeling het kon laat uitgeken word; hoe hulle reggekry het om hom te dwing ~~weet~~ weet ons nie – ons weet alleen dat dit 'n gemene daad v. hulle kant was om 'n ander te laat doen wat hulle self nie ~~wou~~ wou!

Nr. die pynlike v. alles was dat nie een, self nie eens hy, die kruis wou help dra nie. En daarom lees ons:
Hulle het hom gedwing": Ons het dus hier die Simon se onwil, sy onmiskenbare bewys van teësin, sy teenstribbeling; hoedat hy met weersin & ergernis & skaamte vervul was om te dink dat hy, 'n eerbare burger, saam met 'n misdadiger gereken moes word! Ons kan ons goed voorstel hoedat hy ~~[illegible]~~ gewens het dat d. aarde moes oopgaan & hom insluk eerder as dat hy sy aan sy met 'n tronkvoël moes stap! Bloedrooi van skaamte buk hy onder die ~~balk~~ kruis om die een balk te help dra!
— Dit sou heelt. foutief wees om te meen dat

Simon van toe af die kruis alleen gedra het:
① Soldate sou dit nie toegelaat het nie
② Xtus self sou nooit d/mee tevrede gewees het nie – nie die Jesus wat ons die afgelope weke leer ken het nie! O nee! Inteendeel het ons alle rede om aan te neem dat Xtus met voorbedagte rade toelaat dat Simon die ~~..~~ een balk, helw. die dwarsbalk, v.d. kruis help dra, terwyl Hy aangaan om die hoofbalk te dra!

~~En~~ So sien ons die stoet aangaan, op pad na Golgotha, [~~Jesus die gewillige, Simon die onwillige~~ Kruisdraer]: Jukmaats onder dieselfde kruis mr hoe anders elkeen se gesindheid:

Jesus die gewillige, Simon die onwillige.

Ons: Was ons al onder die omstandigheid dat ons deur omstandigheid gedwing was om 'n kruis te dra? Baiekeer nie al, met die gevoel: onwillig, verveg, kwaad, met teësin en skaamte bevul! Hoe baiekeer nie al die las wou afgooi – rondgeloop met idee: Onregverdig, onbillike las! Dis nie myne nie – dis 'n ander s'n! So het Simon gevoel!

III Die Onwillige Kruisdraer word 'n Blymoedige Balkdraer: Wat daar op die pad na Golg. gebeur het, weet ons nie – mr dit weet ons: Iets het gebeur! want Mk. vermeld duidelik na aantal jare: Simon v. Cirene, die vader v Alex. & Rufus. En dit het ons van Mk. geleer: hy noem niemand se



naam vermeld nie. Hy sal nie die man se naam noem as hy nie d/mee wil bewys dat die man, of sy kinders, later 'n rol mees gespeel het in die Xtel. kerk!

Ons weet nie presies hoe dit gebeur het nie mr sterk vermoede: 1) Vader v Rufus deur Paulus in Romeine genoem & Oorlewering: stigter van kerk in Afrika. Mr. dit weet ons: die noem v. sy naam & sy seuns s'n, is bewys dat hy bekend was as werker in eerste Xtel. kerk!

~~En~~ Waar anders het die verandering gekom as daar op pad na G.: Iets het gebeur: of by die oorhandiging v.d. kruis, & toe hulle albei aangestap het ~~die~~ heuwel op!
– Miskien was dit 'n enkele kyk v. Jesus in die oë van Simon!
– Miskien was dit 'n eenvoudige woord van bemoediging ~~of ...~~ wat Jesus aan hom gerig het!
– Miskien was dit dat Xtus sag & stil met hom gesels het onderwyl die soldate besig was met spot!

Hoe Jesus dit gedoen het, weet ons nie, mr. wat ons weet is dat dit die kruis was wat Jesus & Simon saambring, en dat dit die saamdra v.d kruis was wat van Simon 'n nuwe mens maak:

die jukmaats word spanmaats
die onbekende man v Afrika > spesiaal vermelde vader v R. & A.
die skande > eer
die onwillige kruisdraer > dankbare balkdraer v. Xtus!

Is dit wat ons aanraking met Xtus bring? Het ons al dit so verstaan dat as 'n mens eenmaal met Xtus kennisgemaak het, jy nooit meer dies. mens is nie?

Verstaan ons dat Xtus 'n mens jou las nooit alleen laat dra nie? Dat Hy saam met my wil dra: jukmaats wil wees, om my kruis v. lyding, beproewing + sonde te dra? En dat Hy toelaat dat ek die kruis help dra omdat Hy met my wil praat? Omdat Hy onder die last van my 'n ander mens wil maak!